

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

FINANSIËLE STATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2022

DRAFT

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2022

Inhoud	Bladsy
Onafhanklike ouditeur se verslag	1 - 3
Bestuur verantwoordelikhede en –goedkeuring	4
Staat van finansiële stand	5
Staat van omvattende inkomste	6
Staat van beweging in opgehoopte fonds en reserwes	7
Staat van kontantvloei	8
Aantekeninge by staat van kontantvloei	9
Rekeningkundige beleid en verduidelikende aantekeninge by finansiële state	10 - 14

DRAFT

LOUIS BRILL & CO

Registered Auditor

Chartered Accountant (S.A.)

Professional Accountant (S.A.)

Practice numbers

SAICA 00116378

SAIPA 15247

IRBA 590320

DRAFT

7 Le Renzhof

112 Hill Street

Mossel Bay 6506

P O Box 2818

Mossel Bay 6500

Tel 044 690 3640

Cell 082 801 9754

louisbrill@absamail.co.za

- 1 -

Onafhanklike ouditeur se verslag aan die bestuurskomitee van Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging**Mening**

Ek het die finansiële state van Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging, soos uiteengesit op bladsye 5 tot 14, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële stand soos op 30 September 2022, die staat van omvattende inkomste en, die staat van beweging in opgehoopde fonds en reserwes, die staat van kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het en rekeningkundige beleid en verduidelikende aantekeninge by finansiële state.

Na my mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële stand van Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging op 30 September 2022 en van die entiteit se finansiële prestasie en kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig die rekeningkundige grondslag beskryf in aantekening 1 en die vereistes van die huiseienaarsvereniging se Konstitusie.

Grondslag vir mening

Ek het my audit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' ('ISAs') uitgevoer. My verantwoordelikhede ingevolge daardie standaard word verder beskryf in die *Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Audit van die Finansiële State*-afdeling van my verslag. Ek is onafhanklik van die vereniging in ooreenstemming met die 'Independent Regulatory Board for Auditors' se 'Code of Professional Conduct for Registered Auditors (IRBA Code)' en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op audits van finansiële state in Suid-Afrika. Ek het my ander etiese verantwoordelikhede ooreenkomstig die 'IRBA Code' en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op audits in Suid-Afrika vervul. Die 'IRBA Code' is konsekwent met die ooreenstemmende artikels van die 'International Ethics Standards Board for Accountants' se 'International Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards)'. Ek glo dat die auditbewyse wat ek verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir my auditmening te bied.

Beklemtoning van aangeleentheid – Rekeningkundige grondslag.

Ek vestig u aandag op aantekening 1 by die finansiële state wat die rekeningkundige grondslag beskryf. Die finansiële state is opgestel volgens die entiteit se eie rekeningkundige beginsels om aan die behoeftes van die entiteit se bestuurskomitee te voldoen. As gevolg hiervan mag die finansiële state nie gepas wees vir 'n ander doel nie. My mening is nie gemodifiseer in hierdie verband nie.

Ander inligting

Geen ander inligting is in hierdie finansiële state geopenbaar nie. Dus het ek niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

Verantwoordelikhede van die bestuurskomitee vir die finansiële state

Die entiteit se bestuurskomitee is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die finansiële state ooreenkomstig met die rekeningkundige grondslag beskryf in aantekening 1 en die vereistes van die huiseienaarsvereniging se Konstitusie, en vir sodanige interne beheer wat die bestuurskomitee nodig ag vir die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die finansiële state is die bestuurskomitee daarvoor verantwoordelik om die vereniging se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel en soos toepaslik aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die bestuurskomitee beplan om die vereniging te likwiedeer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

Ouditeur se verantwoordelikhede vir die audit van die finansiële state

My doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat my mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n audit wat ooreenkomstig die ISAs uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie finansiële state geneem word sal beïnvloed.

As deel van 'n audit ooreenkomstig die ISAs oefen ek professionele oordeel uit en handhaaf my professionele skeptisisme deurlopend deur die audit. Ek doen ook die volgende :

- Identifiseer en beoordeel die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer auditprosedures uit na aanleiding van daardie risiko's en verkry auditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir my auditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die audit ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die vereniging se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die bestuurskomitee gemaak is.

- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die bestuurskomitee se gebruik van die lopende-saak-grondslag van verantwoording en gebaseer op auditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die vereniging se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Waar ek tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan word daar van my vereis om in my ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om my mening te wysig. My gevolgtrekkings word gebaseer op auditbewyse verkry tot en met die datum van my ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die vereniging ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
- Evaluer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.

Ek kommunikeer met die bestuurskomitee oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die audit en beduidende auditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ek tydens my audit identifiseer.

DRAFT

Louis Brill

Geregistreerde Ouditeur. Geoktrooieerde Rekenmeester

Datum

Mosselbaai

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

Finansiële state vir die jaar geëindig 30 September 2022

DRAFT

Bestuur verantwoordelikhede en –goedkeuring

Daar word van die bestuur vereis om toereikende rekeningkundige rekords te handhaaf en die bestuur is verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit is. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële state 'n redelike voorstelling is van die stand van sake van die vereniging op die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede en kontantvloeï vir die tydperk wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid soos uiteengesit in aantekening 1 by die finansiële state. Die eksterne ouditeur is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële state uit te spreek.

Die finansiële state is ooreenkomstig die rekeningkundige beleid soos uiteengesit in aantekening 1 by die finansiële state opgestel en is gebaseer op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en wat deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun word.

Die bestuur erken dat hulle verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die vereniging ingestel is en plaas aansienlike klem op die handhawing van 'n streng beheeromgewing. Die bestuurskomitee stel standaarde vir interne beheer wat daarop gemik is om die risiko van foute of verlies op 'n koste-effektiewe wyse te verminder, om die bestuur in staat te stel om hierdie verantwoordelikhede na te kom. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik gedefinieerde raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Hierdie beheermaatreëls word regdeur die vereniging gemonitor en alle werknemers word verplig om die hoogste etiese standaarde te handhaaf om te verseker dat die vereniging se besigheid uitgevoer word op 'n wyse wat in alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die vereniging se fokus op risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die vereniging. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, poog die vereniging om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur, kontroles, stelsels en etiese gedrag binne voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas en bestuur word.

Die bestuur is van mening, gebaseer op die inligting en verduidelikings wat deur die bestuur gegee is, dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die voorbereiding van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne finansiële beheerstelsel kan egter slegs redelike en nie absolute, versekering bied teen enige wesenlike wanvoorstelling of verlies.

Die bestuur het die vereniging se kontantvloeï-vooruitskatting vir die jaar tot 30 September 2023 geëvalueer en, in die lig van hierdie oorsig en die huidige finansiële stand, is hulle oortuig dat die vereniging toegang het tot toereikende hulpbronne om voort te gaan in operasionele bestaan in die afsienbare toekoms.

Die eksterne ouditeur is verantwoordelik vir die onafhanklike ouditering en verslagdoening van die vereniging se finansiële state. Die finansiële state is deur die vereniging se eksterne ouditeur ondersoek en sy verslag is uiteengesit op bladsye 1 tot 3.

Goedkeuring van finansiële state

Die finansiële state wat uiteengesit is op bladsye 5 tot 14 en voorberei is op die lopende-saak-grondslag, is goedgekeur en onderteken namens die bestuurskomitee op

deur:

F B Stapelberg (Voorsitter)

Dr. S von Below (Sekretaris)

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISIENAARSVERENIGING

STAAT VAN FINANSIËLE STAND OP 30 SEPTEMBER 2022

	Aantekeninge	2022	2021
		R	R
BATES			
Bedryfsbates			
Kontant en kontantekwivalente		400 703	304 708
Ontvangbare rekeninge	2	138 354	306 176
		<u>539 057</u>	<u>610 884</u>
Nie - bedryfsbates			
Beleggings	3	808 451	271 486
Vaste eiendom	4	600	600
		<u>809 051</u>	<u>272 086</u>
Totale bates		<u><u>1 348 108</u></u>	<u><u>882 970</u></u>
LASTE EN OPGEHOOPTE FONDS			
Bedryfslaste			
Betaalbare rekeninge	5	160 594	135 985
Belasting betaalbaar		11 736	2 514
Totale laste		<u>172 330</u>	<u>138 499</u>
Opgehoopte fonds			
Opgehoopte fonds algemeen		752 914	475 524
Opgehoopte fonds reserwe vir padboufonds		422 864	268 947
		<u>1 175 778</u>	<u>744 471</u>
Totale laste en opgehoopte fonds		<u><u>1 348 108</u></u>	<u><u>882 970</u></u>

DRAFT

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2022

	Aantek.	2022	2021
		R	R
Inkomste			
Heffings vir die jaar		2 692 040	2 587 260
Dividende ontvang	6	1	16 714
Rente ontvang	6	81 371	20 139
Wins met verkoop van Gryphon belegging		2 628	-
Planfooie		11 000	-
		<u>2 787 040</u>	<u>2 624 113</u>
Uitgawes			
Elektrisiteit		18 948	22 476
Onderhoud		358 723	159 998
Korttermynversekering		6 116	7 555
Bankkoste		15 762	15 873
Onthaalkoste		837	1 428
Reiskoste		31 664	32 371
Rekenmeestersgelde - belastingopgawe		530	63 138
Skryfbehoeftes		7 720	2 258
Sekuriteit		6 600	5 500
Honorarium E Marais		5 000	62 660
Rekenaarsagteware en internet		19 498	2 160
Korting toegestaan		236 420	216 340
Grassnydienste		382 400	476 850
Sekerheidsdienste		1 278 268	1 213 529
Ouditeursvergoeding		24 250	17 325
Regskoste		14 923	-
Administratiewe dienste		70 900	41 100
Algemene aankope		17 081	2 754
Rente-inkomste regstelling vir 2020		-	950
Bemarkingskoste		330	-
Telefoon		3 958	-
Huur van perseel vir vergadering		500	-
		<u>2 500 428</u>	<u>2 344 265</u>
Surplus voor belasting		286 612	279 848
Belasting	7	(9 222)	-
Surplus vir die jaar		<u>277 390</u>	<u>279 848</u>

DRAFT

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

STAAT VAN BEWEGING IN OPGEHOOPTE FONDS EN RESERWES VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2022

	Opgehoopte fonds algemeen R	Opgehoopte fonds reserwe vir padboufonds R	Opgehoopte fonds totaal R
Saldo op 01 Oktober 2020	195 676	-	195 676
Bou deposito's ontvang	268 947	-	268 947
Oorplasing na reserwe vir padboufonds	(268 947)	268 947	-
Surplus vir die jaar 2021	279 848		279 848
Saldo op 30 September 2021	<u>475 524</u>	<u>268 947</u>	<u>744 471</u>
Saldo op 01 Oktober 2021	475 524	268 947	744 471
Bou deposito's ontvang	153 917	-	153 917
Oorpasing na reserwe vir padboufonds	(153 917)	153 917	-
Surplus vir die jaar 2022	277 390	-	277 390
Saldo op 30 September 2022	<u>752 914</u>	<u>422 864</u>	<u>1 175 778</u>

DRAFT

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

STAAT VAN KONTANTVLOEI VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2022

	Aant.	2022	2021
		R	R
Kontantvloei van bedryfsaktiwiteite			
Kontant van bedrywighede	1	395 043	73 597
Rente ontvang		69 466	20 139
Belasting betaal	2	-	-
Netto kontant van bedryfsaktiwiteite		<u>464 509</u>	<u>93 736</u>
Kontantvloei van beleggingsaktiwiteite			
Absa Bank vaste deposito's		(800 000)	
Bruto opbrengs met verkoop van Gryphon belegging		277 569	
Beweging in beleggings		-	(16 714)
Dividende ontvang		-	16 714
Netto kontant (gebruik vir) beleggingsaktiwiteite		<u>(522 431)</u>	<u>-</u>
Kontantvloei van finansieringsaktiwiteite			
Bou deposito's ontvang en na reserwe vir padboufonds oorgeplaas		153 917	89 000
Netto kontant van finansieringsaktiwiteite		<u>153 917</u>	<u>89 000</u>
Totale kontantbeweging vir die jaar		<u>95 995</u>	<u>182 736</u>
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	3	304 708	121 972
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	3	<u><u>400 703</u></u>	<u><u>304 708</u></u>

DRAFT

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

AANTEKENINGE BY STAAT VAN KONTANTVLOEI VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2022

	2022	2021
	R	R
1. Rekonsiliasie van surplus met kontant van bedrywighede		
Surplus voor belasting per staat van inkomste	286 612	279 848
Aansuiwerings vir nie-kontant inkomste en uitgawes		
Wins met verkoop van Gryphon belegging	(2 628)	-
Dividende ontvang	(1)	(16 714)
Rente ontvang	(81 371)	(20 139)
Surplus voor bedryfskapitaalveranderinge	202 612	242 995
Bedryfskapitaalveranderinge		
Ontvangbare rekeninge	167 822	(159 412)
Betaalbare rekeninge	24 609	(9 986)
Kontant van bedrywighede	395 043	73 597
	=====	=====
2. Rekonsiliasie van inkomstebelasting betaal		
Belasting in staat van inkomste	(9 222)	-
Toename in belasting betaalbaar	9 222	-
Belasting betaal	-	-
	==	==
3. Kontant en kontantekwivalente		
Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant in besit en saldo's by banke en beleggings in geldmarkinstrumente. Kontant en kontantekwivalente wat by die kontantvloei staat ingesluit is, bestaan uit die volgende		
Absa tjekrekening	14 594	24 386
Absa Liquidity Plus spaarrekening	386 109	280 322
	400 703	304 708
	=====	=====

DRAFT

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

REKENINGKUNDIGE BELEID EN VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE BY FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2022

1. Opstellingsgrondslag en opsomming van beduidende rekeningkundige beleid

Die finansiële state is op die lopende saak grondslag opgestel in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid soos hieronder uiteengesit. Die finansiële state is op die historiese koste grondslag opgestel. Dit word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Hierdie rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk.

DRAFT

1.1 Vaste eiendom

Vaste eiendom is tasbare bates wat die bestuurskomitee hou vir eie gebruik of vir verhuring aan ander en wat na verwagting vir meer as een tydperk gebruik sal word.

Die kosprys sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is om 'n item van vaste eiendom te verkry of te bou en koste wat daarna aangegaan is om daarby toe te voeg, 'n deel daarvan te vervang, of dit te diens. Indien 'n vervangingskoste erken word in die drabedrag van 'n item van vaste eiendom word die drabedrag van die vervangde gedeelte omgeswaai.

Vaste eiendom word gedra teen kosprys minus opgehoopte waardevermindering en opgehoopte waardedalingsverliese.

Geen waardevermindering word op grond afgeskryf nie.

1.2 Beleggings

Beleggings word teen billike waarde gedra.

1.3 Finansiële instrumente

Ontvangbare rekeninge word teen kosprys gedra.

Kontant en kontantekwivalente word aanvanklik en daarna teen billike waarde aangeteken.

Betaalbare rekeninge word teen kosprys gedra.

1.4 Belasting – Lopende belastingbates en laste

Lopende belasting vir huidige en vorige tydperke word, in soverre dit onbetaal is, as 'n las erken. Indien die bedrag wat reeds betaal is ten opsigte van huidige en vorige tydperke meer is as die bedrag wat in daardie tydperke betaalbaar is, word die surplus as 'n bate erken.

Lopende belastinglaste (bates) vir die huidige en vorige tydperke word gemeet teen die bedrag wat na verwagting betaal sal word aan (verhaal sal word vanaf) die belastingowerhede, deur gebruik te maak van die belastingkoers (en belastingwetgewing) wat teen die verslagdoeningsdatum uitgevaardig is of in wese uitgevaardig is. Die belasting aanspreeklikheid weerspieël die invloed van die moontlike uitkoms van 'n oorsig deur die belastingowerhede.

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

REKENINGKUNDIGE BELEID EN VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE BY FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2022

1.4 Belasting (vervolg)

DRAFT

Belastinguitgawes

Die bestuurskomitee word belas kragtens artikel 10(1) (e) van Inkomstebelastingwet, 1962. Kragtens hierdie artikel word inkomste vanaf alle ander bronne, behalwe vir heffingsinkomste, vrygestel tot en met 'n maksimum van R50 000 per jaar. Belasting word dus bereken en voorsiening word gemaak op beleggingsinkomste en ander inkomste groter as R50 000 per jaar minus 'n gedeelte van aftrekbare administratiewe uitgawes. Plaaslike dividende is uitgesluit van belasbare inkomste.

1.5 Inkomste

Inkomste word erken tot die mate waartoe die vereniging die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van goedere aan die koper oorgedra het, of dienste gelewer het ingevolge 'n ooreenkoms op voorwaarde dat die bedrag betroubaar gemeet kan word en dit waarskynlik is dat net ekonomiese voordeel, wat verband hou met die transaksie, die vereniging sal toekom. Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar, uitgesluit verkoopsbelasting en afslag. Dividende en bankrente word erken in surplus of tekort wanneer die vereniging se reg om betaling te ontvang, gevestig is.

Rente op debiteure word erken in surplus of tekort deur gebruik te maak van die effektiewe-rentekoers- metode. Gedurende die 2022 boekjaar is rente op agterstallige debiteure teen Prima Bankkoers plus 2% per jaar gehef.

1.6 Bou deposito's

Sulke deposito's na 01 April 2021 ontvang is nie opeisbaar deur die betrokke lid nie en word as toevoegings tot die vereniging se opgehoopde fonds reserwe vir padboufonds geboekstaaf.

	2022	2021
	R	R
2. Ontvangbare rekeninge Uitstaande heffings	138 354	306 176
	=====	=====
3. Beleggings		
Teen kosprys		
Gryphon Collective Investments (RF) Proprietary Limited	-	271 486
Absa Bank vaste deposito nr 2080524262	403 560	-
Absa Bank vaste deposito nr 2080524393	404 891	-
	808 451	271 486
	=====	=====
Beleggings teen billike waarde	808 451	271 486
	=====	=====

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

**REKENINGKUNDIGE BELEID EN VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE BY
FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2022**

		2022	2021
		R	R
4. Vaste eiendom			
	Kosprys	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
Grond 2022	600	-	600
	=====	=====	=====
Grond 2021	600	-	600
	=====	=====	=====
Rekonsiliasie van vaste eiendom			
Openingsaldo		600	600
Eindsaldo		600	600
		=====	=====
Besonderhede van vaste eiendom teen oordragprys			
Straatoppervlakte Hartenbos, Afdeling Mosselbaai, Provinsie Wes-Kaap	Gehou kragtens transportakte		
Erf 3484	T12694/1997	100	100
Erf 3194	T41113/1996	100	100
Erf 3500	T51980/1996	100	100
Erf 3650	T40667/1996	100	100
Erf 3513	T40666/1996	100	100
Erf 4337	T93817/2000	100	100
		=====	=====

Bogenoemde vaste eiendomme is as kapitale donasie ontvang en word aangetoon teen die oordragpryse. Die bogenoemde erwe is privaat strate.

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

**REKENINGKUNDIGE BELEID EN VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE BY
FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2022**

	2022	2021
	R	R
5. Betaalbare rekeninge		
Handelskrediteure	2 943	1 646
Heffings vooruit ontvang	148 151	114 839
Bou deposito's opeisbaar	9 500	19 500
	<u>160 594</u>	<u>135 985</u>
	=====	=====
6. Beleggingsinkomste		
Dividendinkomste		
Gryphon Collective Investments (RF) Proprietary Limited	1	16 714
	<u>==</u>	<u>=====</u>
Rente-inkomste		
Absa spaar	40 947	20 139
Absa vaste deposito's	8 451	
Debiteure	28 519	-
Gryphon belegging	3 454	-
	<u>81 371</u>	<u>20 139</u>
	<u>81 372</u>	<u>36 853</u>
	=====	=====

DRAFT

HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

**REKENINGKUNDIGE BELEID EN VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE BY
FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2022**

	2022	2021
	R	R
7. Belasting		
Rekonsiliasie van belastinguitgawe		
Bruto rente ontvang	81 371	20 139
Min: Bedrag vrygestel ingevolge artikel 10 (1) (e) van die Inkomstebelastingwet Nommer 58 van 1962	(50 000)	(20 139)
Bruto rente onderhewig aan belasting	<u>31 371</u>	<u>-</u>
Aftrekbare uitgawes: Ouditeursvergoeding , bankkoste en skryfbehoeftes toedeelbaar aan bogenoemde rente inkomste	(537)	-
Kapitale wins met verkoop van Gryphon belegging 2 628 x 80%	2 102	-
Belasbare inkomste	<u>32 936</u>	<u>-</u>
Belasting hierop teen 28%	<u>9 222</u>	<u>-</u>

DRAFT

LOUIS BRILL & CO
Registered Auditor
Chartered Accountant (S.A.)
Professional Accountant (S.A.)
Practice numbers
SAICA 00116378
SAIPA 15247
IRBA 590320

7 Le Renzhof
112 Hill Street
Mossel Bay 6506
P O Box 2818
Mossel Bay 6500
Tel 044 690 3640
Cell 082 801 9754
louisbrill@absamail.co.za

4 November 2022

Die Bestuurskomitee
Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

Geagte Bestuurskomitee

DRAFT

Oudit vir die jaar geëindig 30 September 2022

1. Belasting

1.1 Die IT12EI belastingopgawe vir die jaar geëindig 30 September 2020 is wel by SARS ingedien.

Die SARS Statement of Account gedateer 14 Oktober 2022 dui egter aan dat die ITR14 maatskappy belastingopgawes vir die jare geëindig 30 September 2014 tot 30 September 2021 nog by SARS ingedien behoort te word, aangesien SARS blykbaar nie die IT12EI opgawes wil aanvaar tot tyd en wyl die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging by die SARS Tax Exemption Unit vir belastingvrystelling geregistreer is nie. Hierdie ITR14 belastingopgawes behoort dus nog by SARS ingedien te word.

2. Notules benodig vir ouditdoeleindes

2.1 Die notule van die Algemene Jaarvergadering gehou in Desember 2021 kon nie tydens die oudit aan my voorgelê word om te kontroleer vir ouditdoeleindes nie.

2.2 Die jaarlikse heffing per Erf vir die jaar 1 Oktober 2021 tot 30 September 2022 wat verhoog is van R6 420 (vir die September 2021 boekjaar) na R6 680 vir die 2022 boekjaar, (dit is ongeveer 4,05% verhoging) asook die bevestiging dat 10%, naamlik R668, korting toegestaan word, indien 'n eienaar die jaarlikse heffing ten volle voor of op 30 November 2021 betaal, is nie genotuleer nie, en was dus nie beskikbaar om te kontroleer vir ouditdoeleindes nie.

3. Eksterne bewysstuk

3.1 Geen eksterne bewysstuk is gesien vir R6 600, 00 kontantbonusse op 31 Januarie 2022 aan sekuriteismanne betaal soos aangetoon in uitgawe nr. 221 sekuriteit nie .

Die betaling is wel in beginsel deur bestuur genotuleer op 18 Desember 2021 punt 7.3 naamlik R600,00 vir elke lid van die sekuriteitspan, maar 'n eksterne bewysstuk was nie beskikbaar vir ouditdoeleindes nie.

Bogenoemde sake behoort asseblief so gou moontlik aangespreek te word.

Verder wil ek ook vermeld dat ek baie goeie samewerking van die bestuurskomitee en personeel tydens die oudit gekry het en wil u graag daarvoor bedank.

Die uwe

L Brill

DRAFT

Onvangserkenning namens die Bestuurskomitee

F B Stapelberg (Voorsitter)

Dr. S von Below (Sekretaris)